# STELLENBERG BYBELSKOOL
# DIE KLEIN PROFETE

## SESSIE 11

## JOëL & OBADJA


the DAY of the LORD
PAST EVENTS WHEN GOD SAVED HIS PEOPLE & CONFRONTED EVIL
FUTURE TIME WHEN GOD WILL DEFEAT EVIL & SAVE THE WORLD
JOEL
A BIBLICAL AUTHOR IMMERSED IN EARLIER BIBLICAL WRITINGS
MALACHI
OBADIAH
EZEKIEL
ZEPHANIAH
NAHUM
ISAIAH
AMOS
UNIQUE THINGS ABOUT JOEL:
1.) NOT CLEAR WHEN IT WAS WRITTEN- LIKELY THE PERIOD OF EZRA-NEHEMIAH
2.) JOEL IS FAMILIAR WITH MANY OTHER SCRIPTURAL BOOKS
3.) JOEL DOESN'T ACCUSE ISRAEL OF ANY SIN- HE ASSUMES YOU'VE READ THE OTHER PROPHETS
ISRAEL'S SIN LED TO DISASTER
BUT GOD'S MERCY CREATES HOPE
THE PAST BECOMES AN IMAGE OF THE FUTURE
1 A PAST DAY OF THE LORD
A RECENT LOCUST SWARM IN ISRAEL
REMEMBER THE PLAGUES ON EGYPT (SEE EXODUS 10)
ANNOUNCEMENT OF DISASTER
CALL TO REPENTANCE
ACTS OF REPENTANCE
TO YOU, O LORD, I CALL!
2a A FUTURE DAY OF THE LORD
AN IMMINENT DISASTER FOR JERUSALEM
"THE DAY OF THE LORD IS DREADFUL: WHO CAN ENDURE IT?" 2:11
WHY: "GOD IS GRACIOUS & COMPASSIONATE, SLOW TO ANGER, FULL OF LOVE." -GOD'S MERCY IS MORE POWERFUL THAN HIS WRATH
2:13b
HOW: "REND YOUR HEARTS, NOT YOUR GARMENTS." -GENUINE CHANGE
2:13a
QUOTATION OF EXODUS 34:6
SPARE YOUR PEOPLE, O LORD!
2b GOD'S RESPONSE
"SO GOD WAS FILLED WITH PASSION FOR HIS LAND AND HAD PITY ON HIS PEOPLE." 2:18
2:20-21 DEFEAT OF THE INVADERS
2:22-26 RESTORATION OF THE DEVASTATED LAND
v.27 DIVINE PRESENCE AMONG GOD'S PEOPLE
2c-3 THE FUTURE DAY OF THE LORD
3:1-16 GOD WILL CONFRONT EVIL AMONG ALL NATIONS
GOD
SEE: ISAIAH 13 ZEPHANIAH 3 EZEKIEL 38-39
3:17-21 RENEWAL OF ALL CREATION
A NEW EDEN
SEE: ISAIAH 35 EZEKIEL 47 ZECHARIAH 14
2:28-32 GOD'S SPIRIT WILL FILL ALL HIS PEOPLE
SEE: ISAIAH 32:15 & 44:3 JEREMIAH 31:31-34 EZEKIEL 36:23-28
created by the Bible Project

**SESSIE 11**

**DIE KLEIN PROFETE**

**JOËL**




Kyk na die video inset oor die uitleg van die boek Joël.

Daar is groot onsekerheid rakende die konteks en tyd waarin die boek Joël ontstaan het. Sommige beweer dat die boek na die tyd van Joas (koning van Juda rondom 835 vC – lees van hom in 2 Konings 11) verwys, terwyl ander van mening is dat die boek in die tyd na die balling ontstaan het (Esra en Nehemia 520-450 vC). Die feit dat Joël na kwessies verwys wat in die ander profete boeke voorkom is ‘n moontlik aanduiding dat dit wel later dateer en in konteks van Esra en Nehemia gelees moet word.

Die drome dat die Messias na die ballingskap in Jerusalem gaan kom het nie realiseer soos wat profete soos Haggai en Sagaria gehoop het nie. Verder het ‘n nuwe generasie na die ballingskap in presies dieselfde roetine verval as die geslagte daarvoor. Dieselfde foute van die verlede word herhaal. Wat sê ‘n mens vir mense in sulke omstandighede? Dit blyk dat Joël terug gryp na die boodskap van profete wat hom voorafgegaan het. In sy boodskap word drie fases uitgelig.

A. MENSE SE SONDE. Die springkaan plaag en naderende dag van die Here is ‘n katastrofe wat op die mense wag (Joël 1-2). Die Here verwag dat mense hulle skuld en sonde in die oë sal kyk en tot inkeer sal kom (2:12). Joël se boodskap het hierdie gewenste uitwerking gehad.
B. GOD SE SORG EN GENADE. God is besorg oor mense en wil hulle nie voor die voet uitwis nie (2:18). In hierdie gedeelte word die klem op God se karakter geplaas in die midde van die onreg van mense.

C. HOOP VIR DIE TOEKOMS. Op grond van God se genade is daar hoop. Joël se boodskap het ‘n groot impak op die vroeë Christelike kerk gehad. Hiervolgens word die hoop in Joël gerealiseer deur die uitstorting van die Heilige Gees op Pinkstersondag.

Die boodskap van Joël aan sy hoorders en lesers.

1. Die boek het gelowiges gehelp om in die nadraai van Haggai en Sagaria 1-9 se boodskap wat nie gerealiseer het nie en in die midde van die katastrofe van voortgesette ongehoorsaamheid met hoop te leef.

2. Dit bring ook op ‘n besonder manier insig in God wat in beheer van die skepping staan. Die mens en natuur as skepping van God is onlosmaakbaar aan mekaar verbind. Die gedagte word ook in Amos uitgespreek (4:6-10, 9:13-15). Vir gelowiges in antieke tye was daar nie soseer ‘n onderskeid tussen natuur en mens nie. God se skeppende teenwoordigheid wat voeding en groei in die skepping bring behels dat die goeie en slegte oor die mense se pad sal kom. Die noue verbintenis tussen mens en natuur wat harmonie bring word deur Joël uitgebeeld in die manier waarop sonde die natuur afbreek, maar ook hoe bekering nuwe lewe in die natuur kan bring (3:18).

**Wat is Joël se boodskap vir ons vandag?**



THE BACKSTORY:
ABRAHAM & SARAH
ISAAC & REBEKAH
JACOB & ESAU
HEY!
-SHORTEST BOOK IN THE OLD TESTAMENT
- POEMS OF DIVINE JUDGMENT AGAINST ANCIENT EDOM
-BUT WAIT! THERE'S MORE TO IT!
ISRAEL
MOAB
JUDAH
EDOM
SEE GENESIS 25-27
SEE NUMBERS 20:14-20
A.K.A. ISRAEL
A.K.A. EDOM
BABYLON INVADES JERUSALEM (SEE 2 KINGS 25)
EDOM: -PLUNDERED ISRAELITE CITIES -ABUSED REFUGEES (SEE PSALM 137:7, EZEKIEL 35, AMOS 1:6-9)
OBADIAH
EDOM'S PRIDE & FALL
HEBREW: אֱדֹם "EDOM"
IS AN IMAGE OF
THE PRIDE & FALL OF ALL NATIONS
HEBREW: אָדָם "ADAM"=HUMANITY
EDOM'S PRIDE is an EXAMPLE of the HUMAN CONDITION
EDOM'S DOWNFALL points to the COMING of GOD'S KINGDOM over ALL NATIONS
created by the Bible Project
vv1-14 ACCUSATIONS AGAINST EDOM
WE LIVE IN THE HEIGHTS, AT HOME WITH THE STARS! WHO CAN BRING US DOWN?! (1:3-4)
EDOM'S PRIDE & SELF-EXALTATION
AS YOU HAVE DONE TO ISRAEL, IT WILL BE DONE TO YOU!
v15
"THE DAY OF THE LORD IS NEAR AGAINST ALL NATIONS."
vv16-21 THE DAY OF THE LORD FOR ALL NATIONS
v16 JUDGMENT OF ALL PRIDEFUL NATIONS
YOU GUYS TOO!
vv17-21 RESTORATION OF GOD'S KINGDOM OVER JERUSALEM & ALL NATIONS
NEW JERUSALEM
ALL NATIONS
AFTER THE DAY OF THE LORD:
JOEL 2&3: GOD WILL SAVE JERUSALEM & ALL WHO CALL ON HIS NAME.
AMOS 9:11-15 GOD WILL RESTORE DAVID'S LINE & INCLUDE EDOM & ALL NATIONS IN HIS KINGDOM.

**SESSIE 11**

**DIE KLEIN PROFETE**

**OBADJA**




Net soos Joel is dit baie moeilik om die presies te bepaal wie Obadja is en wanneer sy boodskap tot stand gekom het. Dit is die kortste boek in die Ou Testament en beslaan slegs 21 verse.

Obadja se boodskap verplaas ons na die tyd van Isak se twee seuns, Jakob en Esau (Genesis 25-36).

- Jakob steel sy broer Esau se eersgebore reg en vlug vir sy lewe (Gen. 27:36). Jakob se naam kan met “hakskeengryper” vertaal word en Esau met “rooi” (Esau se rooi hare). Die koninkryk van Edom oor wie die boek van Obaja gaan kan ook met die woord “rooi” in verband gebring word (rooi sandsteen berge van die omgewing)
- Jakob vlug na sy oom Laban in Haran (Gen. 27:43) en Esau word na die Paddam-Aram woestyn toe gestuur (Gen. 28:2). Die gebied sou later as Edom bekendstaan.
- Die twee broers verenig helaas op ‘n dramatiese en onverwagse manier (lees weer Gen. 33).

- Die uitkoms van hierdie verhaal dra diepliggende betekenisse. God het nie een nasie bo ‘n ander uitgekies nie, maar seën beide. Hierdie seën kom onverwags na vore in die wyse waarop hierdie twee broers met mekaar versoek.
- Toe Nabukadneser Jerusalem verower het, het Edom nie net die Babiloniërs bygestaan om Juda te vernietig nie, maar Jerusalem gestroop. Ons lees ook daarvan in Amos 1:11 asook in Psalm 139:7

AMOS 1. So sê die Here: Selfs as Edom net drie keer sonde gedoen het, sou Ek sy straf nie herroep het nie’

PSALM 139. Onthou die Edomiete, Here, die dag toe Jerusalem ingeneem is, hoe hulle aangehou het met sê: “Breek af, breek die stad tot op sy fondamente”

- Hierdie onreg het tot die boodskap van Obadja aanleiding gegee.

Die Edomiete het in rots vestigings gebly en hulle daarop geroem dat niemand hulle sou kon aanval nie. Hulle selfversekerde en arrogante houding word deur Obadja se profesie veroordeel. Israel moes ook vroeër leer om met hulle saam te leef en hulle nie deur oorlog vernietig nie (Deutr. 23:7).

Kyk na die video insetsel oor die uitleg van Obadja.

**Wat is Obadja se boodskap vir ons vandag?**


0 (km) 20
Byblos
Beirut
Sidon
Tyre
Acre
PHOENICIAN STATES
ASSYRIAN EMPIRE
Damascus
KINGDOM OF ARAM DAMASCUS
Umomium
Mediterranean Sea
KINGDOM OF ISRAEL
Samaria
Shechem
Jaffa
Beit El
Jerash
KINGDOM OF AMMON
Rabbath-Ammon
ARAMEAN TRIBES
Jericho
Jerusalem
Ashdod
Ashkelon
Lachish
Dibon
Hebron
PHILISTINE STATES
Gaza
KINGDOM OF JUDAH
Beersheba
KINGDOM OF MOAB
ARABU TRIBES
NABATU TRIBES
KINGDOM OF EDOM
Petra

